Ps. 100: 1, 3.
Ps. (46: 1, 3). 42:1

# Die Grootste Oorwinning

(Het. Ang... Paarl okt. ...)

Ges. 62: 4, 5.
Ges. 77: 1

Mt. 5: 38-48
Rom. 12: 9-21.

Rom. 12: 21 – Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.

Gedagtes van wraak & wedervergelding is so oud as die wêreld self. Reeds op die eerste bladsye v.d. Bybel en v.d. gesk. staan die verhaal van die eerste mensemoord begaan uit wraak. Die hele O.T. & N.T. is vol van verhale & ander waar gevoelens van wraak & vergelding die hoogty vier. (Xt in Mt 5: meest. ops. v. opvl. v.d. tyd.) Die eerste Xtene sou nie menslik gewees het as hulle nie ook in hulle harte gestuur & gekeur sou word deur sulke gedagtes van terugbetaling vir onreg aan hulle gedoen.

In d. gelese gedeelte (Rom) is P. besig om te skrywe aan d. groepie vervolgdes in Rome om hulle te verduid. wat die Xten se plig moet wees in d. aangesig van Vyandskap & Wraak. Deur die vervolging & verontregting wat die groepie Xtene moes ly van versk. kante het d. gedagtes van wraak & toorn ook in hulle harte plek gevind.

Baie menslik was dit dat d. vrae by hulle opgekom het:

– Hier is ons, 'n groepie verontregde Xtene: ons vyande het ons eer bevlek, ons naam beswadder, ons regte ontneem, ons vervolg & beledig & gestenig & gedood, ons heiligste geestel. erfenisse onteer: ~~kan~~ moet ons dan nie terugbetaal nie? Is hier nie die tyd om te wreek & terug te slaan? Is dit nie ons heil-weg-teken?

Met sulke gedagtes, nog half onuitgespreek, mr. reeds baie diep ingesink, het die X̄tene vanhome in hulle harte geloop! Hulle sou nie mense gewees het as gedagtes van vergelding nie opgekom het nie! By sommige (was ook) reeds gedreig om ~~tot~~ uitbarsting te kom!

Paulus hoor daarvan en in 'n toon vol van liefde & simpatie skrywe hy aan hulle:

19) „Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: „Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld spreek die Here." 20) As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop.

21) „Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie."

19e vers vat hy saam in 21a: Laat jou nie deur die kwaad oorwen nie.

20e vers vat hy saam in 21b: Maar oorwin die kwaad deur die goeie.

Ons vind dus hier 2 kante van dies saak gestel, twee voorskrifte – een 'n negatiewe
(dit (wat ons nie moet doen nie), ander 'n posit.
(dit (wat ons wel moet doen).

Verbod – Gebod. ~~Behandel ons~~:

Sien dus:

I Die Pad wat die Xten nie Mag Bewandel

II Die Pad wat die Xten wel Moet Bewandel.

I Die Pad wat die Xten nie Mag Bewandel nie:

„Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld spreek die Here". Ofs: „laat jou nie deur die kwaad oorwen nie".

// In hd. baie ernstige wde sig Paulus sy skrywe a.d. Romeine. // Hy besef die groot gevaar wanneer hulle verkeer vir. om oorweldig te word deur die haat & wrok v. ander, om te wil terugbetaal in dies. munt, en dfom hd. verbod a.d. Xtene.

(1) Ernstige Waarskuwing: Hd. wde is 'n baie ernstige waarsk: Moenie julle wreek nie. Paulus sien die gevaar dat gedagtes v. wraak die Xtene kan bemeester. En dfom waarsku hy — hy die man wat self in sy vroeë lewe wraak geneem het soos min ander: en dit dus ken soos min ander. Baie duid. wil hy beklemtoon dat as 'n mens wil wraak neem vir 'n onreg aan jou gedoen dan verneder jy jouself. In jou poging om wraak te neem daal jy af na die peil v.d. vyand, kom jy op dies. lae platform te staan; in jou ywer om hom met modder te beklad, besmadder jy jouself afmee.

Nie alleen dit nie, mr. deur wraak te koester // doen jy dies. onreg aan jou vyand waarvan jy hom beskuldig het:
Jy sondig saam met hom.

Mr. dis nog nie al wat P. waarsku nie. Deur wraak te neem, beklemtoon hy, verloor die mens alles - en wen niks. Nie alleen verloor die mens die bietjie goeie gesindheid wat sy vyand nog teenoor hom gehad het nie, nie alleen behandel jy jou eie kant, maar jy verloor jou eie sielsrus & sielevrede, die vrede v God wat moet leef in die hart v.d. ware Xten! Daarom: „Moenie julle wreek nie, geliefdes".

② ~~Sterk Teregwysing~~ Goeie Raadgewing: Die wde hou egter ook 'n baie sterk teregwysing in. „Moenie julle wreek nie, maar gee plek vir die toorn." Baie duid. beklemtoon P. die waarheid dat enige wraak of vergelding in gedagte, wd & daad, in stryd is met die hoogste gebod in die Xt. lewe - die gebod v liefde. Die man wat meesuwraak neem vir gedane onreg, verkeer daarmee die diepste beginsel v.d Xtelike geloof (word ontrou aan die religie). Daarom ~~enige~~ pas dit nie 'n kind v.G. om hom te wreek nie: dit is die Xten onwaardig.

③ Wonderl. Bemoediging: Daar is egter nog 'n dieper betekenis in hd. wde v P. opgesluit - 'n wonderl. bemoediging wat hy ad. gem. gee: „Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld spreek die Here."

~~Besef ons ten volle wat die wde beteken? En as besef, glo ons dit?~~

Paulus beklemtoon opnuut die feit dat die vergelding die mens nie toekom nie, nr. dat hy dit aan God alleen moet oorlaat. Waarom ~~doen~~ sê hy dit? Omdat:

(a) God sy eie ~~tyd~~ tyd: ~~tyd~~ van vergelding het: Dwarsdeur die gesk. v.d. volk v Isr. & elke ander volk, in gesk. elke mens is die bewyse onmiskenbaar van hoe God op Sy tyd die kwaaddoener, die onregdoener vergeld. As u u eie lewe moet oordink hoeveel nie sê: Waar, die tyd neem self Sy wraak. (~~Die meule v. God draai stadig nr seker~~) Die onreg wreek homself — niemand wat 'n ander leed of kwaad aangedoen het kom ooit vry nie — Die meule v God draai stadig nr seker: God laat hom nie bespot nie!

(b) God sy eie plan w/op Hy elke onreg sal straf & die rede w/om ons die wraak in ons eie hande wil neem — ons kortsigtigheid & sien nie d. ewige plan v God nie.

Gevolg!: → Vervolging kom altyd die vervolgde ten goede

(c) God alleen d. reg: Omdat Hy die enigste is wat d. hart v.d. mens ken, wat weet wat in ander omgaan, wat sonder kwaaie bedoelings oordeel — Hy alleen die reg om te vergeld. En buitendien: „As God ons moet straf ~~so~~ ~~vir~~ ons sondes soos ons ander wil straf, wat sal dan v. ons word?"

Dus: laat julle toorn plek maak vir God s.n.: Hy sal sorg!

II Die Pad wat ons wel moet Bewandel: !

Tot sover die pad wat ons nie mag bewandel nie. Nou II

As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop"

Dus: Oorwin d. kwaad deur die goeie.
Paul. sê dus baie duid: Die negatiewe, die neemie is nie genoeg nie – Nr wat dan?

① Stilsit, hande gevou? } Tig Die weg v. d.
② Die kwaad goedkeur? } swakkeling, lafaard!

– Niks dfr. hier nie, ook nie in Paul. sê lewe nie. Baie duid. sê P: Sien die kwaad, bring dit a.d. lig. Kom op vir d. reg nr oorwen die kwaad deur die goeie! Daar lê die plig v d. taak v. elke ware volg. v Xt.! As eens v ons nog twyfel – dink aan die lewe v ok v P. self: hoe meer hy geslaan v geglugtig v beidink v bewolg – hoe meer die Ev. verkondig. In gevangenis, voor magistrate huisers, konings, – elke teenslag v vyandskap teen hom gebruik as nuwe v kostel. geleentheid om die Ev. v. liefde te verkondig. Hom kon hy ook sê met groot bymaardighede

1 Kor 4: 11-13 v d/om nees die groot

wêreld v Rome met hom rekening hou"!

[Tot op hd. nu ly ons honger & dors, is ons nakend & word geslaan, en swerwe ons rond & swoeg ons deur met ons eie hande te werk. Word ons uitgeskel – ons seën. Word ons vervolg, ons verdra dit; word ons belaster, ons troos; soos uitvaagsels v.d. wêreld het ons geword.]

Paul. het gewag met die sterkste wapen – sterker as geweld = mag & geld & heersmaak: die wapen v.d liefde, wat kole kan op iemand se hoof werp & sy haat laat smelt, 'n wapen wat geen haat of bitterheid ooit bestaan is nie.

< Word vertel: watersaak – 2 boere een haatig & bitsig op ander. Eendag langs meier – hoor stem – bf man bid: gee my die krag om nie te wreek nie, maar om te bly liefhê –

Die saak nie voorgekom nie.

=

In al sou wraak & vergelding in lewe v.d mens vir 'n tyd seëvier / op lang duur kan dit nie stand nie – keer homself.

Elke keer besef ons: Gods wapen: oordeel

Ons s.m: ~~[illegible]~~ vergiffenis

Baie dnid. wil ons hier sê dat dit nie

beteken dat ons ons vereenselwig v.d. Kwaad nie: altyd is dit d. plig v.d. Kerk om die Kwaad, as hy dit sien as Kwaad in lig v.d. G.s Wd, te openbaar & aan lig te bring.

Kr. altyd deel in gesindheid van liefde & verdraagsaamheid & v.d. oog op ander, teëparty se beswil. Op Sy tyd sal God die pad oopmaak na die kant v.d. vyand & sal ons ~~kan~~ kan ~~[illegible]~~ deurdring deur ~~verdraagsaamheid~~ waar, hy dit die minste verwag: deur aan hom [~~ons goeie wil & gesindheid~~] te openbaar wat hy nooit verwag het: Ons goeie wil & gesindheid.

— ~~By~~ :

~~Heeld~~ wêreld & ~~eie tand~~: wraak, vergelding, uitskel

Nu nou aan slot die vr:

Verlede. As ons daaraan dink, aan die ~~vyandskap~~ saak w/voor ons staan:

Was ons kant altyd skoon?
sonder skuld?

Toekoms:
~~Nu nou aan slot die vr~~:

Toets? — Met watter wapens beveg ons ons vyande?

— Waardeur probeer ons om ons eie saak & ons teenstanders te oorwen?

(a) Kies ons weg. _ afdaal na hulle peil?
— ook in modder gaan staan?
— selfde munt betaal

Is ons lewensmotto ook — oog, oog ens?

(d) Kies ons weg v X.? – die mees revolu-
weg, die weg v. grootste opoffering,
van kwaad → goed; seën → vervloek;
bid → vervolg ons?

Wat-is ons lewenswet:

W/wraak of ~~Barmhartigheid~~ vergiffenis?

Om wraak te ~~beoefen~~ neem is menslik –
Om ~~barmhartigheid~~ vergiffenis te skenk .. goddelik –
aan wie se kant verkies ons om
te staan & te stry.

Kant v God – mens?

Amen ...